

29 Januarie

Skrifgedeelte: 2 Petrus 3:8-15a

Fokusgedeelte: 2 Petrus 3:12, 14

Die verwagting van 'n nuwe hemel en aarde gee ons ywer

Petrus sê deur die Heilige Gees dat terwyl ons in die verwagting leef van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God belowe het, ons ons vir daardie dag moet beywer, én dat ons ons moet beywer om vlekkeloos en onberispelik voor God te wees. Die vraag is: Hoé? Tas en gryp so 'n ywer nie na waaroor God alleen beskik nie? Is so 'n ywer nie werkheiligheid nie?

In wese gaan dit oor *hoe* ons ons vir ons Here Jesus Christus beywer. As die Here Jesus die een en al in ons lewe is, sal ons nie kan wag om by Hom te wees nie, en sal ons nie kan wag dat Hy weer moet kom nie. Om jou te beywer vir die dag van die Here, is om onophoudelik saam met die bruidskerk van alle eeue te bid en te roep: "Kom, Here Jesus!"

As bruidskerk wil ons met trots die bruidskleed dra wat God gee en wat in die bloed van Jesus gewas is. Daarom beywer ons ons deur die Heilige Gees om dit wat Jesus Christus vir ons verwerf het deur sy versoeningswerk, volkome deel van ons eie lewe te maak. Om jou te beywer vir 'n heilige lewe in vrede met God, is om onophoudelik te bid en te roep "dat ons liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat ons die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom" (n.a.v. Fil. 1:9-10). Dan sal ons op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees; deur Jesus Christus sal ons geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer (vgl. Fil. 1:10-11).

Mag hierdie ywer vir ons Here Jesus ons elkeen se lewe beheers, in hierdie spanningsvolle verwagting van sy wederkoms.

Sing: Skrifberyming 15-1:2, 4

Ds. JH Cilliers (Reitz)